

Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 09 Jul 2018
Page: 15

AVE: 16363.95
Circulation: 35934
Part: 1 of 1




**Jenny van Dyk (afrigter) en Shadine van der Merwe, kaptein van Tshwane A, gister in Port Elizabeth.** Foto: REG CALDECOTT

# Tweede se voet, sê Jenny oor haar span

**Annchen Nel**

Dit is 'n nuwe span en 'n nuwe toernooi. Ook 'n nuwe geleentheid om spelers te ontwikkel en vir hulle wedstrydtyd te gee.

Só sê Jenny van Dyk, afrigter van Tshwane A se netbalspan.

Sy en haar Gautengse span het verlede jaar die provinsiale toernooi gewen, maar sal vandag as 'n streekspan op die baan draf.

Die Suid-Afrikaanse toernooi word van vandag af tot Saterdag in Port Elizabeth beslis en sal op 'n streekgrondslag beslis word.

Gauteng of Tshwane, dit maak nie saak nie, hulle is nie hier om tweede te eindig nie, sê Van Dyk.

"Ons sal op ons beste speel en ons titel verdedig."

Gevra of sy en haar spelers die druk voel, sê sy hulle plaas die meeste druk op hulself.

"Ons werk regdeur die jaar baie hard. Ons is voorbereid.

"Almal is hier om ons uit te daag en hulle bring hul beste spel. Dit is fantasties.

"Dit is wat ons wil hê. Ons wil mededingende netbal speel. Dit is hoe ons mekaar help om te verbeter.

"Ons is hier met net 11 spelers, maar ons het diepte in ons groep."

Die Protea-senter Erin Burger is weens gesondheidsredes onttrek.

Shadine van der Merwe, Shongile Hlungwana en Renske Stoltz is die enigste van die Tshwane A-spanlede wat nié verlede week vir Tuks aan die Ussa-toernooi deelgeneem het nie.

Tuks het verlede Vrydag die studentekroon in Bloemfontein verower deur die Kovsies in die eindstryd met 48-30 te klop.

Mami Diale, Netbal Suid-Afrika (NSA) se direkteur van afbakening, het gister op 'n nuuskonferensie gesê die Baaise toernooi sal die grootste toernooi ooit wees, maar dit is nie 'n ontwikkelingstoernooi nie.

Afdeling A is in twee groepe gedeel en bestaan uit 12 spanne.

Spanne wat nog nooit in Afdeling A meegeding het nie, kry nou 'n kans, sê Diale.

Altesame 1 043 spelers van 87 spanne sal deelneem.

Die o.21-toernooi word terselfdertyd beslis. Die Dr. Kenneth Kaunda-span (Noordwes) is die verdedigende o.21-kampioen.

■ Spel begin vandag om 08:00 by die Lotto Young Park-bane. Die opening is om 11:00.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.